*Donderdag* **12 Februarie**
**Skrifgedeelte: 1 Timoteus 1:1-20**
**Fokusgedeelte: 1 Timoteus 1:16, 17**
**Ware evangelie: Dis Gód se barmhartigheid wat jou dring tot dankbaarheid!**

Dis Gód se barmhartigheid wat ons by volkome verlossing uitgebring het! Hy het dit gedoen deur in sy barmhartigheid sy Seun na die wêreld te stuur – Hý het sy lewe afgelê sodat ons die ewige lewe kan beërwe.

Hóé behoort verlostes te antwoord? Ons moet besef dat dit óók Gód se barmhartigheid is wat ons tot ’n gelowige uitleef van dankbaarheid *dring*. In God se barmhartigheid *dring* Hy my om met dankbaarheid te antwoord.

Die teks sê dat God se barmhartigheid Paulus sy sondigheid laat besef het, maar hom óók van sy sondigheid verlos het! Hy het onder aanvoering van Satan ’n teenstander van God se koninkryk geword. Maar God se barmhartigheid het hom tot bekering en tot verlossing gebring. Hy was die vernaamste sondaar …! Maar God se barmhartigheid het in lankmoedigheid hom gered en deel van God se koninkryk gemaak.

Hóé moet ons reageer? ’n Alledaagse voorbeeld: Sê maar jy verkeer in ’n finansiële verknorsing. ’n Weldoener los jou verknorsing op deur die presiese benodigde bedrag geld te skenk. Gaan jy reageer deur beledigings of verraad? Nee! Jy gaan hom in dankbare liefde omhels. Hierdie weldoener het jou aaklige verlede toegemaak en jou ’n nuwe toekoms gegee!

Paulus se nuwe begin was dat God hom geskik geag het om in die Here se diens te staan. God se barmhartigheid en liefde dring hom nou om in dankbaarheid sy lewe aan God te wy. Hoe? Vers 16b: “… om ’n voorbeeld te wees vir dié wat in Hom glo tot die ewige lewe.”

Sien die wêreld in ons lewenswyse dat ons ware gelowiges is? Sien hulle raak hoe God se barmhartigheid jou dring om God te eer (vs 17). ’n Gelowige fokus nou op Gód wat in sy barmhartigheid jou verlos het. Vanuit hierdie dankbaarheid kyk ek biddend na die wêreld rondom my (1 Tim. 1:2-6)!

*Sing: Psalm 145-1:1, 5, 12*
*Ds. AH (Arie) Stavast (Emeritus)*